There4-Bedieninge Verslag Januarie 2019

Ons loof die Here vir Sy voorsiening in ons lewens en in die bediening waartoe Hy ons geroep het. Ons is so opgewonde, want Hy het nog voltydse spanlede vanjaar vir ons gestuur. Melissa Bouwer is een van ons bedieningskoördineer- ders en sal ons webwerf, media, onbereikte mensegroepe, sosiale media en "events" hanteer. Michael Pretorius is ons jeugkoördineerder en hy sal fokus op tieners en studente en ons "Bible Discovery", wat 'n Bybelstudie en evangelisasie-metode behels, in SA sowel as die lande waar ons werk, aanbied. Ons beplan ook drie reise wat ondersteuners kan meemaak (Jordanië 4-11 April, Irak 24 April-5 Mei en Egipte 19-30 September) en die Here het soveel mense se harte aangeraak dat twee van die reise bykans al vol is. Psalm 31 vers 25 het ons bemoedig in dit wat ons daagliks in 2019 gaan aanpak.

Terugskouend:
Radio Onderhoude: Ons het weekliks op drie radiostasies die geleentheid gehad om luisteraars aan te moedig om in gebed betrokke te raak by die onbereiktes en Christene wat te midde van vervolging lewe en ook prakties by There4-Bedieninge se projekte.
Optredes in SA: Janine het in De Aar 'n damestee aangebied en 'n Sondagdiens gelei (een van die dames wat die geleenthede bygewoon het, reis vanjaar saam na Irak). Daar is verskeie terugvoer-geleenthede by ons kantoor aangebied na die Egiptereis – bykans 100 mense in totaal het dit bygewoon. Beide Gerrit en Janine het 'n naweek in Victoria-Wes NGK bedien. IDOP-Sondag se geleentheid moes weens die weer in ons kerksaal plaasvind. Dit was baie geseënd. Janine het by die Kraggakamma VLV-tak, by 'n gebedsgroep in Somerstrand en by Thabazimbi NGK gedeel.
Bediening in die buiteland: Janine het dames en een van ons spanlede in Jordanië bedien plus Geestelike Groei vir drie studente in België aangebied. Gerrit het kerkplanting en dissipelskapopleiding in Jordanië gedoen en besoek aan Tunisië gebring rakende moontlikhede om dit daar ook aan te bied.

Eerste kwartaal 2019
Radio-onderhoude: Ons gaan steeds weekliks op drie radiostasies bedien en beoog om op 'n paar nuwe streekstasies ook te kan uitsaai.
Optredes in SA: Coetzees en Michael op Greytown en Kaartjiemaak-werkwinkels by ons kantoor (19 en 23 Februarie). Father's House stuur hul produksiespan hierheen om beeldmateriaal op te neem vir 'n video wat hul gaan gebruik vir bemarking van 'n vrouedag wat hul in Maart aanbied. Die "mass collection" is ten bate van There4 en Janine, Melissa en Nadia sal die geleentheid die 14de Maart bywoon om die duisend dames se geskenke vir ons reise in ontvangs te neem. Janine is die hoofspreker by die Gereformeerde Kerk in Gauteng se sustersaamtrek die 10de Maart en sy sal dan ook optree in Benoni, Fochville en Stella.
Bediening in die buiteland: Gerrit doen kerkplanting en dissipelskapopleiding in Egipte in Februarie.